191. T. 7(82)

# EREDOKTORSGRAAD: MNR. A.C. HARTMAN

## MOTIVERING DEUR DIE REKTOR

(Gradedagplegtigheid, Universiteit van Stellenbosch, 13 Des. 1968)

Op vyftigjarige leeftyd is Anton Hartman vandag een van die bekendste leiers op die gebied van die Musiek in Suid-Afrika. Sy opgang is geen toevalligheid nie; inteendeel, hy het hom met hart en siel aan sy werk gewy; en die seldsame sukses wat hy behaal het, is die resultaat énersyds van 'n besonder fyne aanvoeling en aanleg, en andersyds van noeste arbeid en onverpoosde toewyding.

Die grade B.Mus., B.Mus. (Hons.) met lof, en M.Mus. met lof, het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf. Veral sedert sy aanstelling by die S.A.U.K. in 1939 het hy sy invloed op die musiek in Suid-Afrika op vrywel alle vlakke laat geld. Hiertoe was hy uitnemend in staat, veral vanweë sy deeglike opleiding in die dirigeerkuns onder beroemde leermeesters soos Albert Coates, Clemens Crause, Felix Prohaska en Igor Markevitch.

As Hoof van Musiek by die S.A.U.K. beklee Anton Hartman vandag waarskynlik die belangrikste posisie op musiekgebied in ons land. Hy het 'n betekenisvolle bydrae gelewer om die S.A.U.K. se simfonie-orkes uit te bou tot die merkwaardige musikale ensemble wat dit vandag is. Sy bekwaamheid is ook deur die buiteland erken toe hy in 1955, 1956, 1964 en 1966 uitgenooi is om bekende Europese orkeste te dirigeer.

Wat veral van belang is, is die reusewerk wat hy gelewer het om Suid-Afrikaanse musiek te bevorder. Hy het opdragte vir Suid-Afrikaanse komposiste gekry; hy het dan ook dikwels self hulle werke vir die eerste keer uitgevoer; en op oorsese besoeke het hy by verskeie geleenthede Suid-Afrikaanse komposisies aan sy gehore voorgestel. Hy het hom ook op onvermoeide wyse vir die Afrikaanse volksmusiek op hoë vlak beywer, en het hy - ten spyte van 'n veeleisende program - aan die afrigting van massakore baie ure bestee. Sy egte gesindheid en sy ware liefde vir sy vakgebied word bewys deur die feit dat hy reeds vyftien jaar lank lid en voorsitter is van die Musiekkommissie van die Federasie van Afrikaanse KultuurverenigInge. Sonder Anton Hartman sou die Musiek in Suid-Afrika, en by name die gees van die Afrikaner, baie armer gewees het.

Vir Stellenbosch is hy geen vreemdeling nie. Hy het al dikwels hier opgetree; hy is gelukkig hier, en hy is 'n vriend van ons Universiteit.

Dit is vir die Senaat en die Raad 'n eer en voorreg om te vra dat die Doktorsgraad in die Musiek, honoris causa, toegeken word aan Anton Hartman, 'n fyne gees, begaafde vakman, nederige, voorbeeldige Afrikaner.

H. B. THOM.